# 2011: ‘n Matige verbetering

## Plaaslike ekonomiese nuus: Januarie 2011

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

### Groei sal na verwagting in 2011 voortduur, maar die uitdagings bly

Aan die begin van 2010 was die meeste Suid-Afrikaners optimisties oor die jaar wat voorlê. Ons sou die skouspelagtigste sportgeleentheid op aarde aanbied en na verwagting sou die ekonomie uit sy resessie beweeg. Wel, met eersgenoemde het ons bewondering en lof by die wêreld afgedwing, maar met laasgenoemde stoei ons nog: hoewel die ekonomie uit sy resessie beweeg het, is die groei steeds broos. Ekonomiese groeisyfers vir die derde kwartaal het op net 2.6% te staan gekom teenoor die 3.2% wat deur die mark verwag is.

### Sterk rand bly ‘n faktor

Die vervaardigingsektor, wat omtrent 15% van die ekonomie uitmaak, en die mynsektor is albei erg deur die sterk rand getref wat ‘n negatiewe uitwerking op die mededingendheid van Suid-Afrikaanse uitvoere gehad het. Ander opkomende markte wat relatief hoë rentekoerse het, soos Suid-Afrika, ervaar ook die versterking van hul geldeenhede.

Met inflasie deeglik binne die teikengebied en deposito-koerse van om en by 5.5%, bied Suid-Afrika steeds aantreklike opbrengste vergeleke met die ontwikkelde markte en kan ons verwag om kontant te sien invloei van lae-opbrengs, ontwikkelde ekonomieë namate beleggers aantreklike opbrengste najaag.

Die voortgesette sterkte van die rand sal ‘n uitwerking op winsgewendheid in sowel die myn- as die vervaardigingsektor hê, wat weer moontlik ‘n negatiewe uitwerking op indiensnemingsvooruitsigte in hierdie industrieë kan hê.

### Groei kan versnel

Hoewel wêreldwye wanbalanse soos China se groot lopende rekeningsurplusse, die VSA se verbruikergesentreerde ekonomie en Europa en die VK se skuldprobleme steeds onsekerheid skep, sal Suid-Afrika se ekonomiese groei vir 2011 na verwagting versnel tot 3.7% van ‘n geskatte 2.7% vir 2010.

## Rentekoerse ‘n gemengde seën

Rentekoerse sal vir die grootste deel van 2011 laag bly. Trouens, sommige voorspellings praat van ‘n verdere daling in 2011. Dit is ‘n goeie tyd vir verbruikers om voort te gaan om hul skuld af te betaal. Maar, alhoewel lae rentekoerse goed is vir verbruikers met baie skuld, maak hulle die lewe ietwat moeiliker vir mense soos pensionarisse wie se inkomste van rente op vaste beleggings afhanklik is.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*

## Werksvooruitsigte

Namate ekonomiese groei styg, kan ons verwag om allerweë ‘n verbetering op die gebied van werkverskaffing te sien, wat weer die besteebare huishoudelike inkomste en besteding in die algemeen ‘n hupstoot sal gee.